

## TOULEIER

---



# Chili bied sy eie nuwe uitdagings

## Hoofstuk 3 Deel 11

**S**o teen tienuur kom haal hulle ons tweetjies by die hotel. Dis ’n nuwe werk in ’n splinternuwe land so die beste voetjie word voorgesit, maak nie saak hoe erg bedwelm mens voel van vlugvoosheid nie.

Met ’n breë glimlag skud ek blad met al wat leef en beef en herhaal my paar sinnetjies Spaans wat die boek jou leer om te sê as jy voorgestel word. "Óla! Como esta?" *Hallo, hoe gaan dit?* Waarop die standaard antwoord gewoonlik is: "Mucho gusto para conocer" wat beteken, *dis vir my baie lekker om jou te leer ken.*

En daar en dan val albei partye in die taalmodder vas. Niks verder om vir mekaar te sê nie, want ons kan nie. Bitter min mense in Chili kan Engels praat. Gelukkig het my tolk ook die vorige dag vanuit Spanje arriveer. Ek word voorgestel aan Ignacio Piedra.

Vreemd hoe party mense se vanne pas by hulle tipe werk. Piedra is Spaans vir ’n klip en Ignacio is ’n geoloog. So het ek al ’n Greg Dyke en ene Mick Mountain ontmoet, albei klipdokters!

Ignacio is ’n regte egte Spanjaard. Hy lyk en loop of hy ’n laaistok ingesluk het. Groot fout. Nou nie souseer sy amper aristokratiese windgatgeit nie, maar meer die feit dat hy van Spanje is. Sien, die Chilene verpes hul eertydse verdrukkers met mening.

Dié tekort aan liefde vir mekaar word ook nie weggesteek nie. Sodra hulle ’n gelispel hoor, trek die voorkoppe sommer dadelik op ’n plooi. Die Chilene spreek die letter 's' nes ons uit. Hulle sê serwessa vir ’n bier in plaas van thêrwetha. Ek stem, net dronkgatte en Spanjaarde thleep hulle ethe. Ek vermoed egter Ignacio is diep binne eintlik ’n gawe klong. Hy is dan spesiaal aangeteken om my te help met beide geologie en tolkwerk. Saam-saam gaan ons die middag na die naburige dorpie Los Andes om deeglik medies ondersoek te word. Kamermaatjie karring saam soos ’n magneet.

Mensig, ook maar goed ek het nie geweet wat hulle als toets nie en in watter gaatjies hulle orals krap en loer nie. Jy beweeg van een spikkelis na die ander en elkeen lyk stroewer as die vorige een. Hulle verlang tot jou stront op ’n stokkie! Vra ek toe mos ewe verontwaardig hoe hulle verwag ek ’n klein teiken soos ’n tandestokkie moet raak skuit. Nadat vriend Ignacio dit eers moes verloor het in die vertaling van al die gelag, verduidelik hy my hoe dit eintlik werk. Julle wil nie weet nie.

Amper dop ek die ondersoek want hulle gaan staan en toets mos longkapasiteit deur jou in ’n oop pyp soos ’n leë toiletrol te laat blaas. Hulle verwag jy moet aanhou blaas totdat jy nie meer kan nie en dan nog ’n bietjie. Mens klink later soos ’n siek gans. Die rede daaragter is dat mens in die Andesgebergte meestal hoog bokant seespieël moet werk vir lang tye. Die lug is daar dun en die suurstof min, so jou longe moet piekfyn wees.

Ek knyp toe maar die boude styf vas en hyg en blaas dat die spoeg so spat. Net genoeg blyk dit te wees. Op pad terug begin Ignacio vir ons sleutelwoorde in Spaans leer. Meeste van hulle gaan oor kos. Ek wou mos sê die mannetjie is ’n goeie laaitie. "Palta" en hy wys so in die verbyry na ’n avokadopeerstalletjie. Hy verduidelik dat ’n lekker ryp palta veral 'pavo' lekkerder laat smaak. In Chili is kalkoen meer algemeen beskikbaar en goedkoper as hoender. Gou kom ons agter dat palta alle soorte vleis lekkerder laat smaak.

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Afrikaans soos hy in die Noord-Kaap gepraat word

Om soms in Noord-Kaap, daar in Upington se wêreld te gaan kuier, is een groot bederf in my lewe. Ek kom altyd terug met 'n herwaardering vir die Afrikaanse taal – darem maar die mooiste taal en liefste taal, soos hy al beskryf is.

En so voel elke anderstalige hopelik oor sy of haar moedertaal.

Daar is darem niemand wat die Afrikaanse taal so lekker kan "gooi" soos die bruinmense van Suid-Afrika nie – en veral die Namakwalanders. 'n Beskrywender taal soos wat hulle hom praat, kry jy sowaar nêrens elders nie. Hulle sê dinge op 'n eerlike, oorspronklike en reguit manier. Hierdie woorde en uitdrukkings val dikwels verrassend vreemd op die oningeligte oor.

Een van die oorspronklikste woorde wat ek al uit die Noord-Kaapse monde hoor kom het, is die woord "**onlekker**". "Tollie is onlekker want hy het mos vrugtegoed geëet." Sommer net kort en kragtig "onlekker". Die woord "**ontuis**" word op dieselfde manier gebruik: "Toe ons by Oompie kom, was hy ontuis" (nie by die huis nie). Iemand wat stuurs is, is "**oubakkies**" – en as 'n kind sy gesig vroegoggend in 'n skottel water moet was, vra die ma: "Het jy al jou bakkies geskottel?"

Pensioengeld is "**kieriegeld**", en iemand wat krom loop weens ouderdom kry dikwels 'n bynaam "ou Griet-kortkierie." Iemand wat "onlekker" is weens die ouderdom, is "halfkop".

Ook: "Die kinders se name is nou **ontskoot**" (het my ontgaan). "Ek is mos so halfkop dese dae. En as 'n oumens eers halfkop raak, het die kinnere mos 'n manier om jou te **be-uil**" (spot).

"**Sweet weggooi**" is harde werk – in die Noord-Kaap moet jy jou sweet "weggooi" om vir jou "fyngoed" (bokke en skape) water te skep. Grootvee en trekdier is "grofgoed"

'n Skinderstorie is 'n "**hoorstorie**" en as iemand 'n storie oordryf, word gesê: "Trek iets vir die krimp af!"

As "'n krummeltjie 'n broodjie geword het", verbeel 'n onbeduidende mens hom hy is belangrik. Iemand wat "**krummeltjies** in die koek wil druk", wil ook graag sy sê sê.

As die liefde beskryf word soos in **1 Kor 13**, klink dit so: "Die regtige liefde se bek is nooit dik nie; jy sien hom nie skinder nie en jy hoor hom nie klik nie; hy skrywe die kwaad nie in boekietjies op nie. Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos. Tale die hou op, voorspellings verdroë en woorde raak los, maar die liefde die sal nou tot by die ewigheid toe net so bly staan."

## Vanwaar die uitdrukking 'Swak, Piketberg!'

Daar is drie "bevestigings" vir die uitdrukking se herkoms:

Die dorpenaars vertel van 'n ou wat terug huis toe gestap het deur die begraafplaas na 'n aand in die kroeg. Hy was onvas op sy voete en het in 'n oop leë graf geval.

Die volgende oggend toe hy wakker word en halflyf by die oop graf uitstaan, dog hy dis die wederkoms en dat net hy alleen 'opgestaan' het.

Toe sê hy: "Net een regverdige is gevind... Swak, Piketberg, swak!"

Ander bronne sê dit was 'n baie mistige aand.

Die dorp ontleen sy naam glo aan die Nederlands "piket" of die Franse se "piquet" wat albei 'n militêre pos beteken en het moontlik sy wortels in die konflik tussen die setlaars en die Khoikoi in 1673-'75.

Die natuurreservaat heet steeds Piquetberg.

**Iets wat jy nie nodig het nie is duur, al is dit halfprys.**

# Duskantlander in Anderkantland

## Ons vier Suid-Afrika in Akkra

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

**T**radisie is iets waarvan soveel jongelinge deesdae wegstroom. Hulle is net te besig om uit te staan en koelgat voor te kom. Miskien het al daardie vakansietye by my Ouma my anders gesnaar.

Ons het elke oggend elfuur deur Warmbad se strate gestap, Ouma van winkel na winkel. Sy het geselsies aangeknoop en tee gedrink by almal. As kind het tyd dan gaan stilstaan. Kalm en gedweë het ek net myself iewers op 'n trappie tuisgemaak en die wêreld bekyk. Dit was die tyd waarin kinders gesien en nie gehoor was nie. Vandag snoep ek gereeld foto's van oumense op straat wat hande vashou, oefen of elegant aantrek of saamkuier.

In Akkra het die Suid-Afrikaanse dames 'n baie spesiale tradisie wat reeds ses jaar die rondte doen. Jaarliks haal die tannies van hulle fyn breekgoedjies en fynste linne tussen die motbolletjies uit en poets die silwer teevurkies blink. Die eerste week in Oktober is dit weer tyd vir die jaarlikse SA Dames Hoogtee. Dis nie sommer só tee nie, daar word tema's uitgedink, opgedollie, kaartjies verkoop en die klomp ekspat vrouens val oor hulle voete om kaartjies te bekom. Hilda het vyf jaar met 'n skooljuffrou se presisie die spulletjie seepglad behartig, maar hulle het nou gaan aftree en sit iewers op 'n skadustoep in Paarl. Mense, my senuwees is nerf-af want hierdie jaar is dit ek in die oliepot want ekke slaat my hand aan die reëlings. Hilda het die merk aan die kerfstok hoog gekap – ons sal moet fyn trap om kers vas te hou.

Ons 130 kaartjies is binne vier dae uitverkoop. Die teetafels is beperk tot die grootte van die saal en beskikbare parkeerplek. Hierdie jaar se gasvrouens het elk nege gaste aan 'n tafel. Haar tafel sal iets uniek Suid-Afrikaans aan die internasionale ekspatdames voorstel, en as bonus moet sy 'n taalelement iewers op 'n manier inweef. Ons gaste moet elk één Suid-Afrikaanse nuwe woord aanleer, hoe gering ook al.

As jy nou 'n oggend van oop-oog en spoegbek wil beleef, dan moes jy lank reeds 'n kaartjie bekom het. Dink jou in: Tema's soos Sjebeen, Lobôla, Kaaps-Maleis, ens., gaan as Suid-Afrikaans voorgestel word. Blikbekers, biltong, krale, mampoer, skons en kerrievis en 'bunny-chows' is alles iewers op 'n belaaide teetafel. As bonus gaan die SA-gasvrouens 'n tradisionele gumboot-dans uitskoffel – hulle is almal hard aan die oefen.

My 2016-tema is Chicken Republic – eintlik steek ek so effe draak met SA se goewerment. Dink Nando's, Chicken Lickin, Rainbow Chicken, KFC, The Rooster, ens. Kyk, mens moet jou nou nie doodwerk nie. Die eetgoete moet natuurlik ook inpas by my hoender-tema.

### **Koffie wat deur 'n derm gefilter is(!)**

Op die oomblik reis ek en my Vrystaat-man in Viëtnam. Geduldig stap ons deur Hanoi se strate en snuffel na interessante goete. Viëtnamese mense eet die heeldag, piepklein happies straatkos. Wanneer hulle nie eet nie, drink hulle erge suikersoet tee en koffie. Teewinkeltjies is ingeryg soos pêrels, waar mens op baksteenhoogte houtstoeltjies sit met knieëknoppe wat stamp aan mekaar.

Die mense se koffielus en smaak verbaas my. Dink jou in Weasel-koffie is 'n koffieboon wat eers deur 'n soort wasbeertjie se dermsysteem getoer het – vir smaak, en dan word die derm-‘verwerkte’ bone gerooster en ten duurste in piepklein porselynkoppies opgeslurp (my man sê “it's the shit”) Die tweede groot gunsteling is eier-koffie en waar die oorspronklikste resep is.

Gister het ek 'n pragtige opgestopte hoender raakgeloop toe ons 'n sy-weef gehuggie gaan beleef het. Ek moes daar en dan die bont ding myne maak – amper handhandig geraak met die winkelier want hierlangs is Engels onverstaanbaar. Pluk my humeurtjie op soos 'n wafferse kapokhaantjie, druk 'n geldnoot in haar nat handpalm en stap kordaat weg met stywe beentjies.

Die onderhandeling het my man effe broos gelaat, (geswaai van handgebare) nou het ons eers hier in 'n koffiewinkeltjie lokale Hanoi-biere kom opslurp. Hy lyk nou weer effe begeesterd, so voorwaarts ...

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com



## STYWE ENGELSE

Op die trein van Londen na Manchester was 'n Amerikaner baie krities teenoor die Engelsman wat regoor hom gesit het.

"Die probleem met julle Engelse is dat julle te styf en uit die hoogte is. Julle dink julle is beter as almal. Kyk na my - ek is myself! Daar is 'n bietjie Italiaans in my, 'n bietjie Griekse bloed, 'n bietjie Iers en 'n bietjie Spaans.

"Wat sê jy daarvan?"

Die Engelsman het sy koerant laat sak, oor sy bril geloer en gesê:

"Ek dink jou moeder is 'n baie sportiewe vrou."

## BAIE LUI

Piet lê op die rusbank met sy gesig na die muur terwyl Koba besig is om die plafon te verf.

Koba: "Hoe kan jy net so daar lê en my dophou terwyl ek so besig is?"

Piet: "Is nie waar nie."

Koba: "Natuurlik is dit. Jy het die hele oggend nog nie geroer nie!"

Piet: "Maar ek hou jou nie dop nie."

## DOKTER SE RAAD

"Wees eerlik met my, Dokter, " vra die pasiënt. "Hoe erg is my toestand?"

"Dis moeilik om te sê," antwoord die dokter, "maar as ek jy was, sal ek ophou om vervolghverhale te lees."

## GOEIE REDE

Jannie sit saam met sy oupa en kyk na foto's van sy oupa in militêre uniform.

Jannie: "Het Oupa ooit iemand doodgemaak gedurende die oorlog?"

Oupa: "Ek hoop nie so nie. Ek was die kok!"

## GOEIE REDE

Die twee buurvrouens staan by die heining en gesels oor die komende huwelik van Kaatjie se dogter en dié se aanstaande.

Mollie vra: "As jy dan nie tyd het vir die man nie, hoekom het jy jou toestemming gegee dat sy met hom kan trou?"

Kaatjie antwoord: "Ek sien daarna uit om sy skoonma te wees!"

## FOONPROEPE

"Kan u my asseblief help; ek het altyd gedink ek is besluiteloos," vra die pasiënt vir die psigiater.

"En nou?" wil die psigiater weet.

"Nou weet ek nie meer nie," kom die antwoord.

## SKIMP

Sy: "Elke keer as jy glimlag, voel ek lus om jou oor te nooi na my plek toe."

Hy: "Baie dankie. Is jy enkellopend?"

Sy: "Nee, ek is 'n tandarts."

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



# STORT

## VROUE EN MANS

### HOE OM SOOS 'N VROU TE STORT.

Trek klere uit en trek lang japon in slaapkamer aan, plaas uitgetrekte klere in die toepaslike wasmandjie vir ligte tot donker kleure.

Stap na die badkamer met lang japon aan. As jy jou man sien, bedek elke naakte deeltjie wat nog uitsteek. Trek japon in badkamer uit.

Kyk na jou vroulike lyfvorm van jou spieëlbeeld en maak 'n voorneme om meer opsitte en strekoefeninge te doen.

Klim in die stort.

Gebruik die gesiglappe, die lyflappie, die bene waslap, die smal afskilferspons, die breë afskilferspons, die sellulietborsel, die naelborsel, die voetborsel en die voetsteentjie.

Was jou hare een keer met die komkommer-en-salie sjampoe met 43 bygevoegde vitamieene. Was jou hare weer om seker te maak dit is skoon. Kondisioneer jou hare met pomelo-mint haarverrykende kondisioneerder. Kam die kondisioneerder met 'n breëtandkam deur jou hare.

Was nou weer jou gesig met fyn appelkoos gesigsskrop. Was die res van jou lyf nogmaals met gemmerneut- en heuningkoek-lyfwasmiddel.

Spoel nou die haarkondisioneringsmiddel af.

Skeer onder die arms en skeer bene. Spoel hele lyf van alle kante goed af onder die stort. Draai stort toe. Droog die hele stort binne af. Spuit mufkolle met teëreiniger, spoel af met die handstortstuk, droog weer stort binne af. Klim uit die stort.

Droog jousef af met 'n badlaken so groot soos 'n klein kontinent, draai jou hare toe met 'n ander absorberende handdoek spesiaal vir hare.

Trek die stortgordyn toe en skud die badmatjie reg.

Borsel tande, smeer verskeie botteltjies se inhoud oor gesig, nek en hals. Smeer hele lyf in met lyfroom en hande in met handerom en hakke met hakroom.

Keer terug na die slaapkamer geklee in die lang japon en die hoofbedekkende handdoek. As jy jou man langs die pad teëkom, bedek alle ontblote dele van die lyf, veral om die bors en nek.

### HOE OM SOOS 'N MAN TE STORT.

Trek jou klere uit terwyl jy op die kant van die bed sit en los dit net daar in 'n hopie. Stap kaalbas na die badkamer.

As jy jou maat langs die pad teëkom, skud jakoppie na haar kant toe met bypassende "woo-woo" klanke. Kyk na jou manlike weerkaatsing in die spieël. Bewonder die grote van jakop en krap jou boud.

Klim in die stort. Was jou gesig. Was onder jou arms. Blaas jou neus in jou hande en spoel dit onder die water af.

Laat 'n wind en lag oor hoe hard dit in die stort klink.

Bestee die meeste tyd in die stort deur jou manlikheid en omliggende dele te was. Was jou boude, en laat die growwe boudhare aan die seep agter.

Was jou hare.

Bou 'n sjampoeskuim regop kuif soos 'n Mohican op jou kop.

Slaan water af. Spoel jousef onder die water af en klim uit.

Droog jousef slegs gedeeltelik af. Los die vloer nat.

Bewonder jakoppie se grootte weer in die spieël as jy daar verbyloop.

Laat die gordynstort oop, die nat matjie op die vloer, lig en onttrekkingswaaier aan, stap na slaapkamer met slegs die handdoek om die middel gebind.

As jy jou maat langs die pad teëkom, pluk die handdoek af, gee jakop 'n wulpse skud in haar rigting en maak weer die "woo-woo" klank.





HOLLANDERS OOR AFRIKAANS:

## Wat een heerlijke, simpel taaltje!

***As jy beplan om in Nederland Afrikaans te praat, het ek vir jou 'n paar wenke. Boemelaar en babelas is altyd 'n wenner.***

**Deur Tanya van Buuren**

(met erkenning aan *Beeld*)

Ons praat Afrikaans. Nie "Afro Hollands" nie. Ook nie "Zuid-Afrikaans" nie en beslis nie 'n "kombuistaal" nie.

Daar is min dinge wat die Nederlanders so fassineer soos Afrikaans. Vir die afgelope jaar wat ek in Nederland as 'n au pair gewerk het, was dit my *party trick* om op partytjies Afrikaans te praat.

Van die beskrywings van Afrikaans is dat dit "kinderlik", "grappig", "sangerig" of selfs "heerlik simpel" klink.

Ek het een Kaaskop so deurmekaar gepraat met my "raar" aksent dat hy nie seker was of ek Vlaams, Fries, Sweeds of al drie was nie!

Dit is selfs moontlik vir Nederlanders om saam met Afrikaanse sangers op die internet te sing, sodat hulle kan sien hoe "maklik" Afrikaans is. Of om Afrikaans aanlyn te leer praat en na die uitsprake van die woorde te luister.

Nederlanders dink ons is uiters vindingryk en oorspronklik met die vertaling van vreemde woorde.

Dit is te verstane, aangesien hulle vreemde woorde onvertaald laat.

Dikwels bly die Engelse woord in gebruik in Nederlands, byvoorbeeld snack, giraffe, thriller en computer.

Daarom lag hulle hulself skoon simpel vir woorde soos peuselhappie, kameelperd (as jy hierdie woord in Nederlands se teenwoordigheid gebruik sal jy tot in lengte van dae baie gewild wees), riller en rekenaar.

Niemand kan dit ontken dat die Nederlanders 'n bietjie arrogant is nie. So arrogant dat hulle vir my (wat Afrikaans gebore is) Afrikaans wou leer praat!

Daar was onlangs 'n Knorr-advertensie op Nederlandse televisie wat gebruik gemaak het van Afrikaanse woorde soos pletterpet (boulhelm), bromponie (scooter), amperbroekie (deurtrekker) en hysbakkie (hysbak). Die Nederlanders het hulle slap gelag vir hierdie Afrikaanse woorde, wat eintlik glad nie gebruiklik in Afrikaans is nie.

Al wat Kaaskop is, het gedink hy praat vlot Afrikaans sodra hy hierdie vier woorde geuiter het.

***Toe ek een keer die woord vuurhoutjie noem,  
het hulle gebrul van die lag.***

As ek ooit weer die woord hysbakkie (dis HYSBAK!) moet hoor, gaan ek my amperbroekie natmaak.

Toe ek een keer die woord vuurhoutjie noem, het hulle gebrul van die lag.

Ek het daarna nogal gewonder hoe hulle so lekker kan lag met 'n vertaling soos "Lucifer" vir die woord!

As jy beplan om in Nederland Afrikaans te praat, het ek vir jou 'n paar wenke. Die woorde boemelaar en babelas is altyd 'n wenner.

Wees daarop voorbereid dat al 16 miljoen Nederlanders gaan beweer hul kan "Zuid-Afrikaans" praat op grond van die woord hysbakkie.

As hy of sy boonop die woord "baie" ook ken is hy 'n kenner. As hy praat van "baie hysbakkies" het jy te doen met 'n linguïst.

Ons taaltjie mag dalk eenvoudig wees. Maar ek wag nog vir die dag dat 'n Nederlander die dubbelontkenningsvorm bemeester.

**(Kammanuus het baie lesers in Nederland en Vlaandere - ons hoor graag julle kommentaar oor hierdie onderwerp!  
Skryf aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com))**



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se twee gekose vanne:

**Niemann** [daripi@telkomsa.net](mailto:daripi@telkomsa.net)

Deelpan naby Wesselsbron Vrystaat, is ouma en oupagrootjie begrawe, ons het geen grafinskripsies nie en ook nie waar hul begrawe is nie. My Pa se ma Maria Jacoba Burger Niemann en Pa se pa David Jacobus Niemann, hulle is in Pretoria begrawe.

**Botes** [TheresaC@gmx.com](mailto:TheresaC@gmx.com)

Theresa Courtney 15 August 22:42

Ek is op soek na enige inligting van Petrus Botes se vrou. Petrus Botes is gebore om en by die laat 1800. Enige inligting sal waardeer word: Geboorte, sterfte, vrou of meer familieledede. Hulle een dogter was Elizabeth Catharina (gebore - Botes)

1st man: De Wet en 2de man: George Louis Allison. Sy is gebore: 25 Feb, 1866(Bloemhof) - gesterf: 1 Aug, 1947 Boksburg

**Nog vanne wat aangemeld is: Judson, Kühn, Smit, Crous, Pearson, De Meyer, Erwee, Schreuder.**

**Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk vir jou eie van.**



### So gaan dit maar!

Ek het vanoggend met 'n hawelose man gesels.

"Tot verlede week," sê hy, "het ek alles gehad. Genoeg kos, my klere was skoon en gestryk. Daar was 'n dak oor my kop, TV en internet, gimnasium, swembad, biblioteek. Ek het selfs aanlyn aan my MBA gewerk.

"Ek het geen rekeninge of skuld gehad nie. Ek het selfs dekking vir mediese sorg en tandartse gehad."

Ek het baie jammer vir hom gevoel.

"Wat het gebeur? Dwelms? Alkohol? Egskeiding? Werk verloor?"

"O, nee," sê hy. Niks van daai soort nie. Ek is uit die tronk vrygelaat."

Ek sal jou nie oordeel op  
jou  
Seksualiteit,  
Godsdiens of Ras nie.  
Ek sal jou oordeel op  
Hoe jy jou flikkerligte  
gebruik.  
Hoe jy kelners behandel.  
Die manier waarop jy 'n  
toiletrol hang.  
(Van Gerrie Scholtz)

### Jan se duur bul

Jan het onlangs R12 000 vir 'n geregistreerde bul betaal, maar die bul wou net gras eet en niks met die koeie te doen hê nie.


Die veearts het na die bul kom kyk en kon geen fout vind nie. Hy het gesê die bul is dalk nog bietjie jonk en vir Jan pille gegee wat hy twee keer per dag aan die bul moes voer.

Binne twee dae het die bul begin om die koeie te dek. Hy het sommer deur die draadheining gebreek en ook Jan se buurman se koeie gedek.

Jan sê die bul gaan soos 'n masjien tekere.

"Ek weet nie watse pille dit is nie," het Jan vertel, "maar hulle smaak bietjie na peperment."

As jy nie twee  
stokmannetjies sien  
wat dans nie, het jy  
vuil gedagtes.



# 'n Suid-Afrikaner sukkel maar in Brittanje

Dis 'n yslike leerkurwe vir 'n Suid-Afrikaner in Brittanje. As 'n ekspat is daar baie dinge wat ek nie kan verstaan nie, skryf KATY SCOTT in *The South African*.



## 1. Niemand vra hoe dit met jou gaan nie.

In Suid-Afrika vra iemand hoe dit met jou gaan. Jy antwoord: "Goed, en met jou?" In die VK jy of iemand oukei is, en hulle antwoord: "I'm good." Niks van hoe dit met my gaan nie.

## 2. Die oogkontak-toets op openbare vervoer.

Ek verloor elke keer. Die Britte verkies om eintlik alleen te reis en gee voor dat jy glad nie bestaan nie.

## 3. Die manier waarop hulle Kiwi's en Aussies met Suid-Afrikaners verwar.

Ons is glad nie dieselfde nie.

## 4. In Brittanje is alles warmer as 26 °C 'n hittegolf.

Ja, dit word warm en sweterig op die moltreine, maar 'n hittegolf?

## 5. Die dra van T-hemde as dit 18 °C is.

Vir Suid-Afrikaners is dit dan nog winter.

## 6. Roomys as dit 18 °C is.

My tande klapper by die blote gedagte!

## 7. Briewe wat deur die "letter box" aan die voordeur die huis binneval.

Ek skrik my steeds kaduks want dit klink na 'n inbreker.

## 8. Kinders in 'n kroeg.

Die kroeg is baie belangrik in die Britse kultuur, maar dit pla my steeds dat 'n kind heerlik sit en eet aan 'n kroegdis terwyl sy ouers sit en suip.

**9. SA wyne in winkels.** Daar is 'n paar lekker ingevoerde SA wyne, maar daar is ook 'n klomp wat duidelik vir die Britse mark uitgevoer is. Ek dink nie jy sal hulle in Suid-Afrika op die onderste rak kry nie, wat nog van R150 vir 'n skroefdopprop betaal.

**10. Mense wat liries raak oor vis en tjips.** Dis 'n stapelvoedsel, maar ek skud my kop wanneer hulle sê dis die lekkerste wat hulle nog geëet het. Niks klop Kalkbaai se vis en tjips nie.

## 11. Britse humor

Ek is nooit seker of 'n Brit vir my of met my lag nie.

## 12. Tergery.

Britte hou daarvan om te terg. Ek het eers gedink hulle is net plein gemeen, maar ek het agtergekom dit is soms 'n manier van goedkeuring of gemoedelikheid.

## 13. Obsessiewe teedrinkery

Ek hou nie baie van tee nie en wanneer ek vir 'n koppie tee bedank, word ek vreemd aangekyk. Hoe is dit moontlik dat ek nie tee wil hê nie!

## 14. Tee is 'n wondermiddel

Vir die Britte is enige tyd teetyd. In tye van krisis vertrou tee. In gevalle van paniek kalmeer tee. In 'n onaangename sosiale situasie verbreek tee die spanning.

## 15. Die liefde vir toustaan.

Suid-Afrikaners haat toue, veral die soort by Buitelandse Sake. Die Britte is dol daarvoor. Ek kan nie verstaan hoe hulle so geduldig vir openbare vervoer, kos en ander dinge toustaan nie.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



6  
September  
1966

“

Loop kyk gou in my boot, ou Beesblaas.. Daar's 'n hoendertjie. Bring dit gou vir my en jou pa.

Deur **DANA SNYMAN**

Oom Apie hou met sy Zephyr op die sypaadjie stil. Punch blaf by die draad. "Voertsek!" skree Pa van die stoep af. Oom Apie klim uit, buk en tel iets op.

Dis 'n geweer, 'n ou langloop-303. Hy swaai dit oor sy skouer, stoot die hekkie oop en kom met 'n diep frons tussen die oë in die paadjie aangestap.

"Ja, ou Beesblaas." Hy vryf oor Seun se kop waar hy op die boonste trappie sit en gaan staan by Pa op die stoep. "Dag, Partner."

"En dit?" Pa beduie na die 303.

"Het jy nie gehoor nie?" Oom Apie swaai die 303 van sy skouer, stut dit teen die stoep se muurtjie, en wikkel 'n pakkie Cavallas uit sy hemp se bosak.

"Wat gehoor nie, ou Apie?"

"Van doktor Verwoerd."

"Wat van hom?"

"Hulle het hom vanoggend in die parlemint vermoor."

Opeens is pa regop. Hy klap teen sy voorkop, gaffel sy vingers deur sy hare, stap tot by die voordeur, draai om, steek vas, slaan met sy vuus na die varing in die tyre wat aan die dak hang. "Is dit die swartes?" Hy kyk na oom Apie.

"Nee, is glo 'n Griek. Met 'n dolk."

Oom Apie druk die pakkie Cavallas terug in sy hemsak en haal die Zephyr se sleutels uit sy broeksak. "Loop kyk gou in my boot, ou Beesblaas." Hy hou die sleutels na Seun toe uit. "Daar's 'n hoendertjie. Bring dit gou vir my en jou pa."

Seun gaan sluit die Zephyr se boot oop en lig die swaar klap stadig, versigtig, want netnou vlieg die hoendertjie uit. Die boot ruik soeterig binne, maar hy sien nie 'n hoendertjie nie.

Hy kyk oral, agter die spaarwiel, onder die groen seiltjie is 'n seekoeisambok. Dalk het oom Apie die hoendertjie in die toolbox gedruk? Niks nie. Al wat hier is, is iets wat in bruinpapier toegedraai is. Hy wikkel die papier oop. Dis 'n bottel. Brandewyn. Oom Apie het seker die hoendertjie by die huis vergeet. Hy draf terug stoep toe.

"Wat nou?" vra oom Apie. "Waar's die hoendertjie?"

"Ek sien hom nie, oom."

"Hy moet daar wees, man. Sê vir my wat het jy als gesien."

Seun noem op: die toolbox, die domkrag, die seiltjie. Oor die sambok bly hy liewer stil.

"Is dit al?" Oom Apie vat Seun styf met sy twee oë vas.

"Daar's 'n bottel ook, oom."

Oom Apie kyk na Seun asof hy hom jammer kry. "Dis die bleddie hoendertjie," sê hy. "Loop haal hom. Toe, toe!"

Seun gaan haal die bottel en oom Apie en pa stap in die gang af en plankvloere kraak onder hul voete. In die kombuis skink pa vir hom en oom Apie elkeen 'n dop, dan gaan sit hulle by die tafel. Seun hou hulle van kolekas langs die stoof af dop. 'n Flou streep sonlig val deur die venster, oor die botteltjie met die avokadopeerpit op die vensterbank, oor die linoleum op die vloer.

"Ek weet nie wat gaan van ons word sonder Doktor nie," sê pa, lig sy glas, en vat 'n diep sluk.

"Ek weet ook nie, ou partner." Oom Apie kyk na pa, dan kyk hy na Seun. "Besef jy wat het vandag gebeur, ou Beesblaas. Hè, besef jy?"

**KAMMANUUS EINDIG NIE HIER NIE!**

As jy 'n PENSIOENARIS of 'n INTEKENAAR is, kan jy op hierdie skakel klik  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html) vir KAMMANUUS EKSTRA